

Redaksioneel

Marius Swart en Lenelle Foster

Hierdie uitgawe van *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* vier die honderdste bestaansjaar van die Universiteit Stellenbosch se Departement Afrikaans en Nederlands. Die uitgawe bevat artikels, essays en resensies deur oudkollegas, oudstudente en navorsingsgenote verbonde aan die Departement. Dit belig nie net die veelsydigheid van die mense wat aan die Departement gestudeer het nie, maar ook die rykheid van die breë vakgebied.

Louise Viljoen, wat in 2023 met die Jan H. Marais-prys vereer word vir haar bydrae tot die uitbou van Afrikaans as wetenskapstaal, ondersoek die representasie van woede in bundels deur Afrikaanse digters Ronelda Kamfer en Jolyn Phillips en die Nederlandstalige digters Simone Atangana Bekono en Radna Fabias. Sy bring hierdie uitbeeldings van woede (sowel as vrees, verdriet en skaamte) in verband met die sosiopolitieke kontekste waarin hierdie bundels verskyn het en belig, enersyds, die impak van diskriminasie op grond van ras, geslag en klas en, andersyds, weerstand teen diskriminasie deur die representasie en mobilisering van affek en emosie.

Die Departement Afrikaans en Nederlands se rol in die ontwikkeling van Afrikaanse leksikografie kom onder die loep in **Gerda Odendaal** se bespreking van die Nederlands-Afrikaans-stryd – ’n verhaal wat ’n beginpunt in Nicolaas Mansvelt se *Proeve van een Kaapsch-Hollandsch Idioticon met Toelichtingen en Opmerkingen betreffende Land, Volk en Taal* (1884) het. Sy karteer die geleidelike verafrikaansing van spelreëls asook die blywende invloed van Nederlands op die Afrikaanse ortografie. Hierdie artikel het aanvanklik in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* (Jaargang 56 No. 1: Maart 2016) verskyn en word met die toestemming van die redakteur en skrywer herdruk.

Sonja Loots beskryf literêre uitbeeldings van Hendrik Witbooi (1830-1905) tydens apartheid, met spesifieke klem op die historiese en ideologiese konteks. Sy dekodeer werk deur PJ. Philander, W.A. de Klerk, Doc Immelman, A. Cilliers en Gustav Preller om die dialogiese verhouding tussen teks en kontemporêre (sosio-politieke) konteks te ondersoek en belig die enorme impak wat koloniale geskiedskrywing, veral Preller se verwronge optekening, op latere skrywers en digters gehad het.

In die vierde artikel van hierdie uitgawe bespreek **Danie Stander** Nerina Ferreira se vertalerstem, spesifiek in haar 1982-vertaling van *Die lustige weiber von Windsor*. Hy beklemtoon veral Ferreira se diskursiewe teenwoordigheid in die vertaling van die vroulike protagonis en manlike antagonis se dialoog en wys

op die subtiële sielkundige transformasies wat deur middel van die vertaling bewerkstellig word.

In 'n essay wat as voorgeskrewe leeswerk vir voorgraadse studente voorgelê kan word, gee **Wannie Carstens** akademiese en praktykgerigte advies oor hoe mens 'n loopbaan in die taalkunde kan bou. Hy bied dit nie as 'n resep vir 'n suksesvolle loopbaan aan nie, maar as 'n uitnodiging om voordeel te trek uit bykans 50 jaar se waarnemings en gewaarwordinge.

Met haar essay bied **Joan Hambidge** ook 'n perspektief op mentorskap. Sy het dit oor D.J. Opperman, wat nooit een van haar gedigte gelees het nie, maar nietemin 'n beduidende invloed op haar vorming as digter en kritikus gehad het. Sy wys op die waarde van literêre invloede en toevallige gesprekke en hoe dit denke kan verruim.

Die uitgawe het ook twee resensies. **Christo de Kock** bespreek Wium van Zyl se vertaling van Saskia de Coster se *Nagouers* en **Marni Bonthuys** kyk krities na die negende volume van *Literary Prizes and Cultural Transfer. Studies on Cultural Transfer and Transmission* (onder redakteurskap van Petra Broomans, Matjies Sanders, Jeanette den Toonder en Elise Bijl).

Ons spreek graag ons dank uit vir die vergunning dat die Departement Afrikaans en Nederlands hierdie uitgawe van *TN&A* as spesiale eeufesuitgawe kon gebruik. Ons bedank ook die resensente en artikelskrywers, keurders, die redigeerder, Annie Klopper, en die uitlegkunstenaar, Christa van Zyl.

Universiteit Stellenbosch